AfriForum
'n Inisiatief van Solidariteit
An initiative of Solidarity

BILTONG BULLETIN

Uitgawe 24 - Augustus/September 2007

Groete aan alle liewe lesers!

Soos elke maand, eers die nodige nuus: Om op die nuusbrief in of uit te teken, kommentaar te lewer of 'n bydrae te stuur, kontak ons by **alana@afriforum.co.za**. Merk die epos "**INTEKEN**", "**UITTEKEN**" of met die onderwerp van julle keuse. Hierdie gratis nuusbrief verskyn maandeliks in beide Afrikaans en Engels en nuwe intekenaars is altyd welkom. Onthou ook dat ons die adverteerders wel deeglik keur, maar geen waarborge vir hulle dienste kan voorsien nie en nie vir hulle aksies verantwoordelik gehou kan word nie.

LEESHOEKIE

Vandeesweek het ek myself met 'n wonderlike boek bederf wat beslis in die toekoms saam met my gaan reis in Suid-Afrika. As jy gereeld in Suid-Afrika rondry, of sommer net belangstel in die land se geologie, sal jy dit beslis ook geniet. Die boek se naam is: **Geological Journeys: A Traveller's Guide to South Africa's Rocks and Landforms** deur Gavin Whitfield en Nick Norman. Dit kan tans by **www.kalahari.net** bestel word vir slegs R170.96. Die uitgewers, Struik, het ook befondsing van De Beers gekry, dus is dit werklik bekostigbaar. Dit is 'n sagtebandboek met 320 bladsye, 300 volkleur illustrasies, 35 diagramme en 40 kaarte. Hiermee 'n bondige beskrywing:



Geological journeys - a traveller's guide to South Africa's rocks and landforms is an essential companion for car journeys. For those who wonder about the jaunty tilt of a mountain ahead, the unusual patterns of a road cutting, the colour and texture of the roadside soil, or the purpose of a distant mine head, this volume offers answers and explanations about features along all the major routes across South Africa, and some of the lesser, but geologically interesting, routes too. Also included are the three main metropolitan areas – Johannesburg, Cape Town and Durban – so that city residents can understand the geological features surrounding them. Using familiar landmarks to pinpoint sites and subtle phenomena, the authors bring to light our rich geological heritage, its likely roots and often tumultuous history. Along the way, they also discuss the historical background, personalities and stories that relate to the landscape.

WEBWERWE & REKENAARNUUS

Besoek **www.chippynews.com/worldclock.htm** om uit te vind hoeveel mense daar op hierdie oomblik in die wêreld is, hoeveel fietse nou gebou word, hoeveel mense tans HIV opdoen, en wat die gemiddelde aardtemperatuur tans is. Groot pret!

- - - -

In September is dit mos weer boomplanttyd in Suid-Afrika. Die amptelike inligting hieroor lui:

*Arbor Week is celebrated from 1 - 7 September in South Africa annually throughout the country. It affords the Department of Water Affairs and Forestry and other stakeholders the opportunity to undertake a major national awareness programme re-iterating the value of trees and its key role towards sustaining our livelihoods, both now and for future generations. The theme for the 2007 campaign is "*Plant a tree - Grow our future*".*

A major aspect of Arbor Week this year is that the campaign will be used to launch the Trees for Food Programme which will see a million trees planted annually, beginning in the current financial year.

The Arbor Week campaign is aimed at achieving the following objectives:

- *To promote better knowledge of trees particularly indigenous trees and their importance.*
- *To stress the necessity for everyone to contribute to the greening of South Africa by planting and caring for trees.*
- *To highlight the vital roles of trees in the natural environment.*
- *To contribute to the achievement of green dignified and healthy environments in all parts of the country.*
- *To encourage the youth to participate in tree planting activities and related environmental education programmes.*

The two trees of the year are: Pavetta schumanniana (Poison brides-bush) and Rhus pyroides (Common wild currant –see picture above).

In Afrikaans staan die bome onderskeidelik as die gifkruidbos en die taaibos bekend.

SUID-AFRIKAANSE NUUSBROKKIES — AUGUSTUS/SEPTEMBER 2007

- Al ingeteken op ***Biltong Happies***, ons daaglikse, gratis nuusbrief met 'n opsomming van die dag se hoofberigte uit *Beeld* en ander dagblaaie? Nie? Wel, teken dan dadelik in deur ’n e-pos met die onderwerp "Happies" te stuur aan **alana@afriforum.co.za**.
- Tussen 1 Januarie 2006 en 31 Maart 2007 is 136 polisiebeamptes oorlede – 13,7% meer beamptes is in die uitvoering van hulle pligte dood teenoor dié in 2005/2006.
- Ten spyte van ’n nasionale tekort aan aptekers, brei die aantal apteke in Suid-Afrikaanse kettingwinkels soos Shoprite, Pick ‘n Pay en Clicks baie vinnig uit. Selfs Woolworths het pas ’n eerste apteek geopen.
- Studentegetalle in die land het die afgelope 5 jaar met 20,8% gestyg, maar die akademiese personeel het helaas net met 3,7% gegroei. Die wanbalans in groei dra by tot probleme in die sektor en maak ’n akademiese loopbaan minder gesog.
- Skole is onseker oor hoe skrif in die laerskool aangeleer moet word, aangesien geen duidelike nasionale beleid hieroor bestaan nie.
- Kommer neem toe oor die gehalte van voedsel wat uit Sjina ingevoer word. Vroeër vanjaar het troeteldierkos met inhoud wat uit Sjina afkomstig was verskeie slagoffers in die land geëis en nou word ook indringend na kosprodukte vir mense se inhoud gekyk.
- Modeontwerper Errol Arendz en sy suster Gloria Theiler is tans in ’n hofgeding gewikkel oor eienaarskap van Errol Arendz Fashion Design BK.
- Suid-Afrika het in die eerste 6 maande van 2007 117 000 onwettige Zimbabwiërs na hulle tuisland gedeporteer. Dit is meer as wat in die hele 2006 gedeporteer is!

- ’n Staking dreig in die SA Inkomstediens ... maar daar word nie verwag dat dit die land ingrypend kan beïnvloed nie.
- Speelgoedhandelaars in die land het Mattel-speelgoed afkomstig van Sjina van die land se rakke onttrek omdat lood in die verf en klein onderdele daarin dit gevaarlik vir kinders maak.
- Naelloper Elana Meyer het in Augustus op 40-jarige leeftyd die eerste keer ma geword.
- Phillip Matthysen, die man wat berug geword het daarvoor dat hy sy baba poolhond (husky) se kop met ’n kettingsaag afgesaag het oor die hond “stout” was, is in Augustus in ’n grusame motorongeluk dood.
- Die adjunk-minister van Binnelandse Sake, Malusi Gigaba, is in die spervuur oor wanbesteding van Staatsgeld, soos om daarmee vir sy vrou ruikers te stuur. Tog is daar amptelik nog nie teen hom opgetree nie.
- Die meeste damme in die Wes-Kaap is na ’n goeie reënseisoen 100% vol!
- Meer as drie maande gelede is ’n nuwe nasionale Vigsplan aangekondig, maar volgens die media is niks nog gedoen om dit te implementeer nie.
- Eendrag-koshuis van die Universiteit van Stellenbosch is in ’n brand vernietig. Niemand het in die brand omgekom nie, maar die 276 inwoners moes inderhaas ander blyplek en studiemateriaal kry.
- Die 73ste Wêreldbiblioteek- en Inligtingskongres is pas in Durban aangebied. Dit is die tweede keer wat dit in Afrika aangebied word en dit is deur sowat 5 000 mense uit 100 lande bygewoon.
- Die Suid-Afrikaanse musikale teaterstuk *Truth in translation* het die Fringe First-prys op die randfees van die Edinburgh kunstefees in Skotland gewen. Die Soweto Gospel Choir het ook daar opgetree en was een van die 10 gewildste programme op die randfees.
- Vanjaar sal na raming die slegste jaar van die afgelope dekade vir die Suid-Afrikaanse eiendomsmark wees. Dit word toegeskryf aan hoë hereregte, ’n verlangsaming in die ekonomie en die gevolge van die nuwe Kredietwet.
- Die prys van brandstof daal op 5 September 2007 met 10c per liter.
- Geen begrotingsvoorsiening is gemaak vir die koste van nuwe paaie (R23,4-miljard) en onderhoud van bestaande paaie (R17-miljard) oor die volgende 5 jaar nie, berig die minister van Vervoer, Jeff Radebe.
- Dit raak al gevaarliker om op Tafelberg te stap. Op ’n enkele Sondag in Augustus is 8 mense kort na mekaar op Vlaeberg deur rowers aangeval.
- Mitchells Plain se gemeenskap begin nou aktivisties teen dwelmbase optree. Memorandums is aan almal in die omgewing wat van dwelmaktiwiteite verdink word, gegee om hulle te waarsku om daarmee op te hou. Adresse van vermeende dwelmhuise is ook aan die burgemeester van Kaapstad, Helen Zille oorhandig vir optrede deur die metropolisie.
- Mense word gewaarsku om besonder versigtig te wees wanneer hulle in die see swem, omdat haaie hierdie tyd van die jaar nader aan die kus beweeg.
- Johnny Fourie, die land se voorste jazz kitaarspeler, is in Augustus op 70-jarige leeftyd oorlede. Hy het onlangs sy debuutalbum, *Once upon a time*, bekendgestel.
- Plaaslike lugdiens Comair het aansoek gedoen om daaglikse vlugte na Londen in te stel. Dit kan die plaaslike prysoorlog tussen lugrederye na die internasionale mark uitbrei.
- Ouma Grietjie Adams van Garies (80) is met die jaarlikse prys vir versoening vir haar sang vereer.
- Die eentalige taalpraktyk van die Departement van Binnelandse Sake word tans ondersoek.
- Die getal buitelandse toeriste wat Suid-Afrika in die eerste 5 maande van die jaar besoek het, is 10% meer as in dieselfde tyd in 2006.
- Die politieke oorloopseisoen is aan die gang met chaotiese gevolge vir Suid-Afrikaanse kiesers. AfriForum se kommentaar hierop is:
  AfriForum, die burgerregte-inisiatief wat deur Solidariteit gestig is, het op die vooraand van die oorlooptydperk ’n beroep op alle politieke partye in die parlement gedoen om toe te sien dat wetgewing wat politieke oorlopery moontlik maak, so gou as moontlik geskrap word. Volgens AfriForum, wat as burgerlike organisasie buite die party-politiek funksioneer, moet alle burgerlike organisasies en die burgerlike samelewing nou druk op politici begin toepas om te verseker dat die komende “oorloop-seisoen” die laaste keer is

wat dit plaasvind. Volgens Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, is politieke oorlopery in 'n proporsionele kiesstelsel niks anders as gewettigde diefstal van stemme deur politieke opportuniste nie. In 'n land waar die morele herlewing van die samelewing as geheel 'n prioriteit behoort te wees, is dit volgens Kriel onhoudbaar dat politici wat oorloop 'n slegte voorbeeld aan die gemeenskap wat hulle veronderstel is om te dien, stel. "Dit is immoreel dat politici bloot uit eie belang na 'n ander party kan oorloop, terwyl 'n streep in dié proses deur die kiesers wat hulle verkies het, se stemreg getrek word," het Kriel bygevoeg.

EKONOMIESE NUUS

Die Vryemarkstigting van Suider-Afrika het die volgende verklaring aan ons gestuur:

South Africa loses ground in economic freedom ranking, Zimbabwe comes last

2007/09/04 - Cape Town & Johannesburg, South Africa — South Africa slipped to 60th in the latest international economic freedom rankings after ranking 54th in last year's report and 36th in 2005, losing 24 places in just two years. Zimbabwe has the least free economy of the countries ranked in the study.

"The reason why SA has dropped in the world rankings even though its overall rating improved from 6.7 to 6.8 is that other countries have overtaken us and new countries with more economic freedom have been included," explained Leon Louw, Executive Director of the Free Market Foundation.

"After impressive gains from greater political and economic freedom achieved in and after 1994, SA's overall economic freedom score has stagnated during recent years, although there have been significant changes in individual components in the index", he said.

Hong Kong once again tops international rankings for economic freedom, with Singapore a close second and New Zealand third, according to the ***Economic Freedom of the World: 2007 Annual Report***, released today by the Free Market Foundation (FMF). Zimbabwe (141) and Myanmar (140) came last out of the 141 countries measured.

The annual peer-reviewed report uses 42 different measures to create an economic freedom index ranking countries around the world. The cornerstones of economic freedom are personal choice, voluntary exchange, freedom to compete, integrity of the legal system, and security of private property.

People living in countries with more economic freedom enjoy more prosperity, security, freedom and life expectancy.

"These measures are part of a fundamental base needed to build a free and prosperous nation. A quick glance at the countries scoring lowest on the index quickly shows that without economic freedom, especially protection of property rights and the rule of law, there is little individual freedom and little in the way of prosperity," said Temba Nolutshungu, Cape Town Director of the FMF.

The full report is freely available at www.freetheworld.com, and the printed version is available from the FMF at R150.00 (including VAT).

SA's scores in key components of economic freedom (from 1 to 10 where one indicates least and ten most economic freedom) were:

- **Size of government**: remained unchanged at 5.5.
- **Legal structures and security of property rights:** improved from 6.6 to 7.0.
- **Access to sound money:** declined from 8.2 to 8.0.
- **Freedom to trade internationally:** declined from 6.9 to 6.6.
- **Regulation of credit, labour and business:** improved from 6.4 to 6.8.

RESEP VAN DIE MAAND

Hoenderlewertjies à la AfriForum

250	gram	hoenderlewertjies	250	gram	wit sampioene
30	ml	botter / margarien	1	groot	ui
10	ml	rissiepoeier	50	ml	suurlemoensap
12,5	ml	balsamiese asyn	100	ml	vars gekapte pietersielie
50-100	ml	melk / room	sout & peper na smaak		

Metode:

1. Sny die ui in groterige blokkies en braai in die botter tot deurskynend.
2. Sny die lewertjies in kwarte en braai saam met die ui tot ligbruin.
3. Sny die sampioene in kwarte en braai saam.
4. Voeg die suurlemoensap en asyn by.
5. Knip die pietersielie fyn, roer dit, die rissiepoeier, sout en peper by.
6. Voeg laaste die room of melk by, roer deur en verwyder van die hitte as jy seker is dat die hoenderlewertjies gaar is.
7. Bedien warm met roosterbrood as voorgereg vir 4, of oor pasta as hoofgereg vir 2.

BRIEWE, MARKHOEKIE EN VERSOEKE

- ***Leslee, voorheen van die VSA, nou in Johannesburg, vra:*** Is there any interest in a support group for foreign spouses of South Africans living in South Africa? If there is, then let me know. I will be happy to help with the organization of such a group!
  Die aanpassing in Suid-Afrika kan ingrypend wees en dit sal seker lekker wees om met iemand te praat wat dit soos jy beleef. Enige idees hieroor? Laat weet ons by **alana@afriforum.co.za** asseblief.
- ***Die SA Gemeente in die VK laat weet***: SA Gemeente is 'n inter-denominale, Christen gemeente van hoofsaaklik Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners wat tans in die VK bly. Tans bedien ons meer as 5 000 Christene in ons gemeente! Ons het verskeie bedieningspunte regoor die VK wat bestuur word uit vier wyksgemeentes – Londen, Suidwyk, Noordwyk en Middellande-wyk. As jy op die oomblik in die VK bly, of beplan om hier te kom bly, moet jy beslis 'n draai by ons kom maak! Vind uit waar jou naaste gemeente is deur ons webblad te besoek: **www.sagemeente.com**.
- ***Jannie en Judy skryf uit Toronto:*** Ons keer binnekort uit Kanada na Pretoria, Suid-Afrika terug. Wil iemand dalk in dieselfde tyd goedere van Toronto na Durban-hawe verskeep en dalk 'n houer deel met ons? Indien wel, kontak ons by **info@gloryofafrica.com**.
- ***Scott Calvert van die Baltimore Sun se kantoor in Johannesburg*** is steeds op soek na 'n gesin met tieners wat binnekort na die VSA verhuis. As julle kan help, kontak hom by **scottmcalvert@gmail.com**.
- ***Willa skryf uit Nieu-Seeland:*** Ek het rondgeswerf op die net en die Kom Huistoe-webwerf raakgelees en geniet. Ons (my man, Kobus en my twee seuns Jakkals en Christiaan) het in 2000 immigreer na New Zealand vanaf die Oranje Vrystaat. Ons het beide in die Korrektiewe Dienste gewerk en was net moeg vir al die misdaad in SA en wou ons kinders 'n veiliger en meer normale lewe laat lei. Ja... dit is waar - dat ons

verlang en ons familie mis maar ons geniet dit in New Zealand. Dit was vir ons amper asof ons in 'n veilige hawe vasgemeer het wat misdaad aanbetref. Elke land het my rose en dorings en ons is nie blind vir al die onheilighede wat ook in New Zealand aangaan nie - maar een ding het ons geleer en dit is om mekaar as 'n familie te ondersteun ... ander Suid-Afrikaners as familie aan te neem en ons taal te beskerm hier in 'n totale Engelse omgewing. Ons het wonderlike Kiwi vriende en het 7 jaar in Wellington (Noord Eiland) gebly en nou onlangs verhuis na die Suid-Eiland - amper heel onder waar ons omtrent 'n klipgooi ver weg is van die suidpool. Die Kiwi's lag lekker vir ons omdat ons so koud kry en heeltyd bid vir sonneskyn maar ons geniet hulle soveel want ons Kiwi vriende is oulik ... plat op die grond en vreeslik handig ... hulle het nou geen fiemies nie. As ons nog dink om iets te doen aan ons huis - dan is hulle daar en help ons om dit sommer vinnig te doen ... ongelooflik om sulke mense as vriende te kan hê. Ek glo soort soek soort en maak nie saak watter taal jy praat nie - jou vriende kies jy en word geken aan hulle. Ons kinders was 7 en 9 jaar oud toe ons hier aangeland het - en alhoewel hierdie skole baie liberaal is - het ons ons huis-standaard nooit laat daal nie - hulle weet waar die grense getrek is ... ons hou die leisels styf vas en bid hulle deur dik en dun. Ons vertel hulle dat ons trots is om Suid-Afrikaners te wees dat ons slim voorouers gehad het met baie moed en durf, ons leer hul om vrygewig en mededeelsaam te wees, om baie te lag en hard te leer, want hulle hoef nie skaam te wees om te se hulle is Suid-Afrikaners nie. Ek is lief vir my taal en hoop ek word gespaar om my kleinkinders Afrikaanse te kan leer praat, ek leef nie in weelde nie, maar dit pla my nie want ek is veilig ... ek stap saans elfuur om die blok saam met my manlief en kyk vir die maan en droom van warm veilige - goue strande waar ek eendag wil aftree. Op hierdie oomblik roep my vaderland my weer en my hart se "Ek kan nie teruggaan nie" - want ek is veilig hier in die koudste, mooiste klein eiland in die Stille Oseaan waar die son soms skyn - ek altyd veilig voel en my kinders kan laat opgroei in 'n huis waar hul Afrikaanse ma en pa vir hulle lief is en hul vertel van Jesus se liefde vir almal onder hierdie son. Bou voort daar in sonnige Suid-Afrika - jul is altyd deel van ons hart en ons gebede.

Baie dankie vir die heerlike kuier saam met ons – ons hoor altyd baie graag van julle!

Met beste wense

Alana & kollegas
AfriForum
[**www.komhuistoe.co.za** / **alana@afriforum.co.za**]